

DIE OPWINDENDE LUISTER-AVONTURE VAN:

LOLLAPOT, ASPATAT EN LIEFDE (kinders 3-11 jaar)

Die Junie/Julie skoolvakansie is amper hier.

Miskien ry julle see toe, Bosveld toe of bly sommer net by die huis.

Hierdie CD luister-stories is ideaal vir lang ry-ente in die motor, met slaapyd, siek-tyd of natuurlik tydens die woeste binne-bly koue wintermaande waarin ons tans is.

Die intellektuele-, opvoedkundige-, sosiale-, emosionele-, morele waarde van STORIES word wyd besing.

Kinders lees egter al hoe minder. Hulle word só gebombardeer met TV, rekenaar, selfone... Dis asof hulle lees beskou as net nog 'werk'.

Ongelukkig is dit ook so dat ons mammas nie meer altyd die tyd (of krag) het om stories op 'n gereelde basis voor te lees nie.

Die **AUDIO CD** gee die kind die alternatiewe geleentheid om op 'n baie *kreatiewe en opwindende* manier aan die wonderlike vreugde van stories blootgestel

te word. Boonop doen iemand anders al die lees/vertel-werk namens mamma, sodat sy dan so eeffe kan rus, of dit sommer net sáám met haar kroos kan geniet!

Deur hierdie oudio-reeks leer die kind op avontuurlustige en humoristiese wyse van spanwerk, waagmoed, gehoorsaamheid, liefde, eie-waarde, omgee vir mekaar, oorwinning oor vrees....

Die hoof-klem met die luister van hierdie CD's val vir my op GENOT – die heerlike *lippelek-lekker* van STORIES.....

Verder word:

- Stilsit-en-luister vaardighede gerek
- Aandagspan en konsentrasie verskerp
- Kreatiewe en kleurvolle taalgebruik bevorder
- Woordeskat uitgebrei
- Regterbrein verbeeldingspel gestimuleer (belangrike probleem-oplossing vaardigheid)

Bonus!! Verskaf vreugde en rustigheid tussen die 4 klein 'mure' van 'n motor.

Spesiale idee.....

Het jy dalk nie kinders van jou eie of in die familie wat geskenkies benodig nie?

Wat van 'n CD of CD-stel vir 'n hospitaal se kinder-kankersaal of nier-dialise eenheid waar lang vervelige ure deurgebring word.

'n Kinderhuis?

Minderbevoorregte kleuter- of laerskool?

....Jou idee is dalk nog beter as myne.....

Jy is natuurlik welkom om my te kontak met enige verdere wonder-vrae.

Dalk het jy familie / vriende / kollegas vir wie jy hierdie info kan aanstuur? Dankie!!

Groete,

Tania Ueckermann


012-804 7022 (H)

072 244 2233


tania@cdk.co.za

CD 4: 75 minute

CD Voorkant



CD Agterkant



Kan 'n renoster goed *hoor* of *sien*? Wat is die verskil tussen 'n wit- en swart renoster? Hoekom het 'n olifant sulke groot ore, wat kan hy alles met sy slurp doen? Het jy geweet 'n bakoor-jakkals eet *insekte*? Wat is 'n ietermagô?

Kom luister avontuur-storie en LEER!

Quer-geselsies:


Die gevaar van ongehoorsaamheid(Aspatat), veiligheid, moenie ander volgens die uiterlike oordeel nie (olifant-toneel) ..jy is dalk heeltemal verkeerd....

CD 3: 75 minute

CD Voorkant



CD Agterkant



Kan jy wolke klassifiseer? Watter gee reën en watter nie? Luister STORIE en leer.

Quer-geselsies:


Maak nie saak hoe klein jy is nie – jy het 'n belangrike werkie op aarde.

Moenie die beste, grootste, sterkste probeer wees net om ander te beïndruk nie.


Wees jousef, wees onselfsugtig en deel uit wat JY het, dit maak jou gelukkig....

CD 2: 68 minute

CD Voorkant



CD Agterkant



Kom ontmoet 'n paar interessante insekte.. en beleef 'n lawwe avontuur.

Ouer-geselsies:

Wat is die ware MOOI en waardevolle dinge in die lewe?


Duur geskenke, allerhande mooi aardse GOETERS?

Of dalk eerder die sonskyn, reën, blommetjies, vriendskappe, saam-wees?

'n Gesin, familie, maatjies wat jou bystaan, lief het, aanvaar en probeer verstaan is uiters kosbaar, onvervangbaar...

CD 1: 55 minute

CD Voorkant



CD Agterkant



Ontmoet ons 3 hoofkarakters vir die eerste keer.

Wat is die sterkste? Lig of donker?

Ouer-geselsies:

Al voel mens partykeer bietjie bang, kan jy wéét dat LIG en LIEFDE altyd die sterkste is....

.....en...Net soos ons speel-speel storie, vertel die Waarheid van die Bybel ons ook van lig en donker.

God is Liefde. Hy is die Groot Ewig-skynende Lig. Hy verdryf alle donker. Hy is die sterkste.

Matteus 5:14-16 sê ook ons is God se spesiale liggies op aarde. Sy liefde in ons, skakel daardie liggies aan.

Daardie liefde-lig is ook kragtig. Dit oorwin, help, bring verandering.

Koste:

R100 per CD

Posgeld:

Ek pos steeds 4 CD's in een pakkie vir net **R20**. Elke pos-pakkie het ook 'n unieke opspoor-nummer.

Bank besonderhede:

Sal verskaf word met bestelling.

Elke CD is soos 'n "konsertjie op radio".

Stem karakterisering: meer as 10 stem-variasies per storie; ook met byklanke en agtergrond musiek.

Elke CD vorm een lang, volledige, klaarmaak-storie op sy eie.

Dis juis so beplan, sodat die kind nie na 10 minute wil opspring omdat die storie reeds verby is nie.

Dis ongelooflik hoe lank hulle stilsit ge-r-e-k kan word omdat hulle wil hoor wat volgende gebeur, totdat die hele storie op die ou end verby is.

Die CD is wel opgedeel in 'hoofstukke' sodat die jonger outjies vandag 'n stukkie kan luister en môre kan aangaan sonder om weer van vooraf hoef te begin.

Ouderdom:

'n Breë ouderdomsgroep is geïnkorporeer – van 3 tot 11 jaar.

Daar is tot SEUNS van so oud as 13 wat laat weet dat hulle dit geniet.

Outjies wat goed taalvaardig ontwikkel is, luister dit selfs op 'n nog jonger ouderdom, met mamma wat natuurlik ondersteun en fasiliteer.

Kinders se normale kommunikasie-ontwikkeling op hierdie jong ouderdom verskil egter geweldig baie t o v woordeskat en taalvaardighede. Dit is dus baie belangrik dat mamma op so 'n jong ouderdom direk betrokke moet wees deur saam-luister en saam-gesels. Deur 'n 2-jarige met hierdie CD-stories voor die radio neer te sit en dan te loop, val die hele oogmerk plat...

Die 3 hoofkarakters in CD 1 is ook die hoofkarakters deur al die CD's wat volg.

Die tempo en intrige van CD 2, 3 en 4 is effe meer ingewikkeld as dié van CD 1.

Terugvoer oor die CD's is uiters positief, vanuit verskeie oorde – opvoedkundiges, spraakterapeute, sielkundiges, kinders van verskillende ouderdomme, oumas, mamas en ja, selfs pappas.....

LEER JOU KIND OM AKTIEF TE LUISTER.....OP 'N GENOTVOLLE WYSE

Die belang van LUISTER, sonder visuele voer:

Kinders moet dit wat hulle **hoor**, effektief **verwerk** ten einde uiteindelik by betekenis, **insig** en **vaslegging** uit te kom.

OPTIMALE PRESTASIE = afhanklik van OUDITIEWE KONSENTRASIE, AKTIEWE LUISTER + SUKSESVOLLE OUDITIEWE PROSESSERING.

DVD's is baie gewilde en heerlike vermaak, maar kinders het ongelukkig ook in 'n baie groot mate verloor hoe om fyn te luister –

hulle het *afhanklik* geraak van visuele hulpmiddels vir inligting-prosessering.

Hulle steun dus so op die prentjies wat hulle sien, dat dit wat hulle hoor baie keer by hulle verbygaan.

Die skoolopset verwag egter van hulle om BAIE GOED te kan LUISTER.

'n Gedramatiseerde storie soos hierdie maak dit dus lekker om weer goed te moet luister.

Deur hierdie oudio-reeks word die kind op 'n genotvolle en ontspanne wyse gestimuleer om *fyn* te luister en 'n prentjie te vorm van die detail wat hulle hoor.

Ek noem elke storie dan ook juis 'n toe-oë-FLIEK, 'n *luister*-flik.

Kinders wat baie gewoond is aan DVD's gaan dalk half skepties wees om net na 'n storie te luister, maar hulle sal gou agterkom dat dit ook 'n héérlike verbeeldingswêreld is.

Een Ouma het my vertel dat sy haar 5 kleinkinders moes OMKOOP om voor die radio te gaan sit en storie te luister – dis natuurlik iets wat hulle nie ken nie.

Verbaas was sy toe hulle op die ou end die hele uur doodstil sit en luister ...én dit GENIET!

Verskillende diepte-vlakke van luister:

Stem karakterisering: meer as 10 stem-variasies per storie; ook met byklanke en agtergrond musiek.

'n Mens kan dus na 'n paar keer se deur-luister van die storie-avontuur, dieper grawe na agtergrond-luister.

“Vandag speel ons 'n spesiale speletjie waar ons luister wat agter/onder die storie aangaan....”

Hoor die kind die verskil tussen die dag- en nag byklanke? Die nuanse van verskillende tipes agtergrond musiek by verskillende tipe storie-milieus? Die wiele wat kraak oor die grondpad saam met die donkie wat praat? Watter plaas-/see-/insek-geluide word in die agtergrond gehoor?...

Ouditiewe begripstoets/Luister-toets:

Die produk is primêr ontwikkel vir genot by die huis.

Ek stuur dus nie enige geskrewe begrip-vrae saam met die CD's nie. Mens raak so maklik vasgevang in die moet-kan-doene vir skoolprestasie dat die natuurlikheid en genot van die leerproses baie keer verlore gaan. Dit kan so maklik ontaard in nog 'n 'toets' wat die kinders selfs by die huis moet slaag.

Ek voel dat persone wat dit vir evaluering- of terapie metodes wil gebruik die nodige insig sal hê om dit te herlei na gesprek- / geskrewe vragies oor die inhoud wat hulle spesifieke doel met die kind/ers sal komplimenteer.

Onderwyseresse is welkom om hul eie geskrewe ouditiewe begripstoets/luistertoets op te stel vir skool-gebruik.

Terapeutiese hulpmiddels:

Weereens is terapeute welkom om hul eie hulpmiddels aan te pas soos evaluering- of terapeutiese grense verskuif.

Bv.

- 'n Plakbord met die verskillende karakters vir storie-oorvertelling, karakter beskrywing, eie storie-skepping.
- Opgesnipperde karakters vir korrekte dele-bymekaar-pas en aanmekaar-sit.
- Fisiese items wat raaisel-leidrade kan verskaf tot karakter-identifisering en –beskrywing.
- Emosie-prentjies.
- Alledaagse situasie-prentjies uit kinders se lewens as werklikheid-toepassing van die storie-lewenslesse ens. ens.

Wenk vir Mamma:

Vir die outjies wat glad nie kan stilsit by die huis... laat hy/sy met die magie bo-op 'n reuse bal lê terwyl storie luister.

Hy/sy mag (probeer vir stadig) gewieg word ten einde die dringende behoefte aan beweging te bevredig.

Of speel saam 'n VRIES/VASGEGOM-speletjie: lê plat op die vloer op rug, met toe oë en hou kompetisie wie die storie se fliék-prentjies die beste kan raaksien in sy kop.

Groete,
Tania